SK 10988

No. R. 2343 16 Oktober 1987

WET OP DIERESIEKTES, 1984 (WET 35 VAN 1984)

DIERESIEKTEREGULASIES.—WYSIGING

Die Adjunk-minister van Landbou, handelende namens die Minister van Landbou kragtens artikel 31 van die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet 35 van 1984), het die regulasie in die Bylae uitgevaardig.

**BYLAE**

Regulasie 20 van die Dieresiekteregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2026 van 26 September 1986 word hierby gewysig—

(a) deur subparagraaf (iv) van paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(iv) enige lewende wild, uitgesonderd blou- of swartwildebeeste, buffels, vlakvarke, bosvarke en wildevarke, vanaf die grond in 'n beheerde gebied, die res van die provinsies Transvaal en Natal en die landdrosdistrikte Gordonia, Kuruman, Mafeking en Vryburg in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop, waarop dit voorkom of gehou word, na enige ander grond verwyder of beweeg nie;"; en

(b) deur subparagraaf (v) van paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(v) enige lewende blou- of swartwildebeeste, buffels, vlakvarke, bosvarke en wildevarke vanaf grond waarop hulle voorkom of gehou word, na enige ander grond verwyder of beweeg nie;".

No. R. 2343 16 October 1987

ANIMAL DISEASES ACT, 1984 (ACT 35 OF 1984)

ANIMAL DISEASES REGULATIONS.—AMENDMENT

The Deputy Minister of Agriculture, acting on behalf of the Minister of Agriculture under section 31 of the Animal Diseases Act, 1984 (Act 35 of 1984), has made the regulation in the Schedule.

**SCHEDULE**

Regulation 20 of the Animal Diseases Regulations published by Government Notice R. 2026 of 26 September 1986 is hereby amended—

(a) by the substitution for subparagraph (iv) of paragraph (a) of subregulation (1) of the following subparagraph:

"(iv) move or remove any live game, excluding blue or black wildebeest, buffalo's, wart-hogs, bush pigs and wild pigs, from the land in any controlled area, the remainder of the provinces of the Transvaal and Natal and the Magisterial Districts of Gordonia, Kuruman, Mafeking and Vryburg in the Province of the Cape of Good Hope, on which it occurs or is kept, to any other land;"; and

(b) by the substitution for subparagraph (v) of paragraph (a) of subregulation (1) of the following subparagraph:

"(v) move or remove live blue or black wildebeest buffalo's wart-hogs, bush pigs and wild pig from the land on which they occur or are kept to any other land;".